# VOORGESKREWE GEDIGTE – AFRIKAANS GRAAD 12

**MARIA**

Deur daardie tuintjie het sy stil gegaan,
haar hande need'rig oor haar bors gevou,
toe hy, verblindend soos die son, daar staan:
drie wit lelies het hy in sy hand gehou.

Half-skaam, verleë, het sy opgekyk
en is opens met groot vrees bevang:
sy oë het van haar nie afgewyk,
sy vleuels het oor heel die tuin gehang.

"Geseën is jy onder die vroue" – sy woorde –
of was dit winde? – verruis nog in haar oor,
toe hy teen die son in goue vlug verdwyn...

Sy het haar neergebuig en half-versmoorde
Klein snikkies in haar hart gehoor,
van verlossing reeds die vreugde en die pyn.

**Digter: W.E.G Louw**
**Uit: Terugtog**

**FINIS**

Nou maak ek self nie meer so baie saak nie
want jy't bobbejaan na my gestuur met 'n
briefie in sy bek

dit was geskryf op varkensblaar
dit was 'n bietjie dof
dit was om my en jou te nooi
na die Apies se bruilof

Jy het al die liedjies van my kindertyd weer in
my laat sing
En in my hart die Jakkalse elke dag laat trou.

Maar wat sal jy van my kan saamneem?

Miskien wanneer die lewe met jou kotiljons
en lekker wals op die Apies se bruilof
sal jy onthou dat jy vir my Aprilmaand was
die wolke altyd bietjie voor die son –
en ek ten spyte van die reën kon lag

En jy sal lag

**Digter: Lina Spies**
**Uit: Digby Vergenoeg**